

Derde party-kennisgewing dat versoek oorweeg word - Artikel 47

Verw. no. : **Inrigting se briefhoof**

Navrae :

KENNISGEWING VAN VERSOEK AAN DERDE PARTY INGEVOLGE ARTIKEL 47 VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 (WET 2 VAN 2000)

1. U word hiermee in kennis gestel dat ek 'n versoek om toegang tot bepaalde inligting/rekords moet oorweeg waarvan die openbaarmaking u moontlik sal raak. *Hierdie kennisgewing bevestig die telefoongesprek tussen u en mnr/me _____ van hierdie inrigting op _____.

2. Die beskrywing van die rekord wat versoek is, is as volg:

3. Die openbaarmaking van die inligting in die rekord wat versoek is, mag

- onredelik teenoor u wees aangesien dit persoonlike inligting mag wees.
- u handelsinligting of –geheime raak.
- neerkom op 'n verbreking van vertroulikheidsplig.
- u as 'n derde party se belange benadeel.

4. Die naam van die versoeker is:

Adres : _____
Telefoon : _____

5. (a) Ek is van mening dat die bepalings van artikel 46 van bogemelde Wet van *toepassing/nie van toepassing is nie.

(b) **Artikel 46** van bogemelde Wet bepaal dat toegang tot 'n rekord verleen moet word indien sodanige toegang bewys lewer van 'n wesenlike oortreding van of 'n versuim om aan bogemelde Wet te voldoen, of 'n dreigende en ernstige openbare veiligheids- of omgewingsrisiko inhou, en indien die openbare belang in die openbaarmaking van die rekord ongetwyfeld van meer belang is as die skade waarna daar in sekere artikels van bogemelde Wet verwys word.

(c) Ek is van mening dat die volgende omstandighede waarna daar in **artikel 46** van bogemelde Wet verwys word, van toepassing is, aangesien-

(1) openbaarmaking van die inligting bewys aan die lig sal bring van:
(i) 'n wesenlike oortreding van of 'n versuim om te voldoen aan bogemelde Wet; of

(ii) 'n naderende en ernstige openbare veiligheids- of omgewingsrisiko; en

(2) die openbare belang by die openbaarmaking van die rekord om die volgende rede(s) van meer belang is as die skade waarna daar verwys word:

6. U kan **binne 21 dae** na die ontvangs hiervan met die Inligtingsbeampte by die bogenoemde adres/faksnommer/telefoonnummer/e-posadres in verbinding tree en

(i) skriftelike of mondelinge verhoë tot die Inligtingsbeampte rig waarom die versoek om toegang **geweier behoort te word**, of

(ii) **skriftelike toestemming** gee vir die openbaarmaking van die inligting aan die versoeker.

ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE

DATUM:

*Skrap waar van toepassing.